

**Sing vooraf:** Psalm 119:34 (p. 593)

- 34 Aarde, hemel, alle dinge – / niks wat ooit u ord'ning breek;  
want hul almal is u knegte, / stip-gehoorsaam as U spreek.  
Was u wet nie al my lus nie, / dan het ek in smart versmag;  
maar nou dit my krag gewek het, / dink ek daaraan dag en nag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 66:7 (p. 322)

- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!  
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.  
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;  
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 103:9 (p. 506)

- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;  
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,  
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Skriflesing: Markus 7

Teks: Markus 7:10-13. Kategismus Sondag 39.

**Want Moses het gesê: Eer jou vader en jou moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe. Maar julle sê: As 'n mens aan vader of moeder sê: Enige voordeel wat u van my mag geniet, is korban, dit is 'n offergawe — dan laat julle hom nie meer toe om iets vir sy vader of sy moeder te doen nie. So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie. (Markus 7:10-13 AFR1953)**

Daar is die neiging onder mense om aan die Bybel 'n nuwe inhoud te wil gee.

- Hulle verwys na dinge wat in die Bybel geskryf staan, maar dan is hulle geneig om 'n ander inhoud daaraan te gee as wat die Here self daaraan gegee het.
- Dinge het in ons tyd glo 'n ander betekenis as wat dit tot nou toe gehad het.

Hierdie neiging is glad nie so nuut en eietyds as wat ons mag dink nie.

- Dit was maar deur die tyd so dat mense met hulle eie insigte die geopenbaarde waarhede van die Here wou verklaar of verander totdat dit hulle pas!
- Dit is waarom die Here Jesus eenkeer die volgende uitspraak gemaak het:

**Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.**

(Matteus 5:17-18 AFR1953)

Om te verander wat die Here beveel het, is om groot moeilikheid te soek! Dieselfde geld dus ook van die beginsels wat in die vyfde gebod vasgelê is!

Die Here Jesus was eenkeer met 'n klomp Fariseërs en Skrifgeleerdes in 'n argument betrokke.

*By daardie geleentheid was die ding waaroor hulle vasgesit het, dié ding dat mense ander waardes begin aanleer en toepas as wat die Here self vasgelê het.*

Hulle argument het daarvoor gegaan dat hulle met die Here Jesus gestry het omdat Hy nie al hulle reinigingswette nagekom het nie.

- Die punt was dat hulle die reinigingswette wel nagekom het, maar vir die verkeerde rede.
- Hulle het nie gewas en geskrop om met 'n skoon liggaam die Here te dien nie – onthou hulle vuil liggame was die simbool van hulle sondes wat maak dat hulle vir die Here onaanvaarbaar was.

Dit wou hulle glad nie aanvaar nie! *Hulle het hulle sondes ontken!*

- Hulle het gesê hulle hou die reinigingswette omdat hulle dalk deur die dag aan 'n heiden geraak of gestamp het – of dalk met een moes praat.
- Hulle het geglo dat dit hulle onrein maak, en daarom moes hulle die besoedeling van die heidene van hulle afwas.

Om vir hulle te bewys hoe dwaas hulle is en hoe ver hulle die punt misloop, het die Here Jesus met hulle gepraat oor die vyfde gebod – die gesagsgebod.

- Hy gebruik toe die beeld van 'n ouerpaar wat te oud geword het om vir hulleself te sorg.
- Intussen het die kinders reeds al die familiebesittings geërf. Die wet het vereis dat hierdie kinders nou vir hulle ouers moes sorg.

*Die kinders het nie lus om dit te doen nie, want hulle wil nie van hulle goed aan hulle ouers afstaan, sodat hulle ook eervol kan lewe nie. Wanneer die ouers dan in hulle nood iets by die kinders kom vra, dan sê die kind net: “Korban!”*

Die woord **korban** beteken *gawe* of *geskenk* – maar spesifiek 'n *gawe wat vir God gegee moet word*.

Dit beteken dat die ouers dan maar net so met leë hande moet teruggaan huis toe en self moet sien kom klaar.

- Dit, terwyl die owerhede dan glad nie toegesien het dat daardie gawes inderdaad by die tempel uitkom nie!
- Hulle het almal geweet dat die kinders dan al die dinge wat **gekorban** is, net so vir hulleself gehou het!
- In hulle skynheiligheid het die Skrifgeleerdes en die Fariseërs maar net na 'n ander kant toe gekyk en niks raakgesien nie.

Intussen was hulle die wat moes toesien dat die wet van die Here pligsgetrou nagekom moet word:

**Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.** (Eksodus 20:12 AFR1953)

## **En hy wat sy vader of moeder vloek, moet sekerlik gedood word.**

(Eksodus 21:17 AFR1953)

So kan gelowiges met nuwe insigte en nuwe waarhede baie ver van die Here af verdwaal raak. So kan gebruike ontstaan wat nie die eer van die Here dien nie.

Let daarop dat die hele Woord van die Here vol is van gesag en erkenning van gesag. Die Tien Gebooue beveel direkte gehoorsaamheid aan ouers. 1 Timoteus 5:17 beveel respek en onderwerping aan die gesag van ouderlinge:

**Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer.** (1 Timoteus 5:17 AFR1953)

Wat is die grond daarvoor dat die Here eis dat ons respek vir gesag moet hê en dat ons ons kinders ook van gesag moet leer?

Die rede is baie eenvoudig: Ouerlike gesag is die oudste gesagstruktuur tussen mense wat daar in die skepping is. Die Here gebruik die huisgesin en die gesagstrukture wat daar in die huisgesin is as die basis van alle gesagstrukture wat daar in die menslike samelewing is.

In ouerlike gesag het kinders met 'n dubbelde gesagstruktuur te doen.

- Aan die een kant het hulle met hulle ouers te doen.
  - Hulle ouers lê reëls en verpligtinge neer waarvolgens kinders gehoorsaam moet wees.
  - Maar kinders kan hulle ouers maklik omseil of bedrieg en sodoende glad nie gehoorsaam wees nie!
  - Hulle kan moontlik selfs so ongehoorsaam wees dat hulle slegte volwassenes word.
- Aan die ander kant is hulle ook aan God gehoorsaam – want hulle ouers is die skakel tussen hulle en God.
  - Al kan hulle hulle ouers omseil – hulle kan God nie omseil nie.
  - God bring hierdie kinders ook in aanraking met wyer dinge in sy raadsplan: hulle kom in aanraking met die kerk, die skool, onderwysers en uiteindelik met alle strukture van die samelewing.

Gesag het drie komponente:

- Die eerste een is *eer*.
  - Om jou meerderes te eer, beteken dat die volgende dinge alles daarby ingesluit is:
    - liefde
    - getrouheid en lojaliteit
    - vertrou
    - gehoorsaamheid
  - In die Nuwe Testament vat die apostel Paulus al hierdie dinge saam in die een woord: *gehoorsaamheid*.

**Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.**

(Efesiërs 6:1 AFR1953)

Baie eenvoudig gestel, beteken dit dat elke oortreding van gesag wat oor ons gestel is, iets van 'n herhaling is van Adam se ongehoorsaamheid in die Paradys.

- Die tweede element is *onderwerping*.
  - Onderwerping beteken dat daar 'n grens gestel word: Die Here trek grense wat nie oortree mag word nie.
  - *Onderwerping beteken natuurlik dat die gesag wat gestel word, in lyn is met die heiligheid en die wil van God!*

- In so 'n geval sal 'n ware gelowige hom aan die gesag oor hom moet onderwerp, want anders gaan hy in teen die Heilige Gees wat gehoorsaamheid aan God in ons werk.
- Ongehoorsaamheid beteken dan ook dat daardie persoon in verset is teen dit wat by God heilig is.

**Maar dit plaas die geweldige verantwoordelikheid op die wetgewer, dat hy nie verset teen hom afdwing, omdat sy wette teen die Raad en heilige wil van God ingaan nie! Want in daardie geval mag die ware gelowige nie aan hom gehoorsaam wees nie.**

- Die derde element is *verdraagsaamheid*.
  - Verdraagsaamheid en liefde is diep met mekaar verbind.
  - Iemand wat nie onder liefde kan buig nie, gaan sekerlik ook nie onder die wet buig nie.
  - Daarom moet so 'n mens by die Here self hoor dat hy ten opsigte van die gesag wat oor hom gestel is, verdraagsaamheid aan die dag sal moet lê.

Dink daaraan dat die Here Jesus ook as mens onder gesag gestaan het. Hy moes onder andere ook aan die keiser gehoorsaam wees.

**Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.**

(Matteus 22:21 AFR1953)

Net so moes Hy aan die gesag en eis van sy Vader gehoorsaam wees. So kry ons Hom waar Hy bid:

**En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.** (Matteus 26:39 AFR1953)

Die Here Jesus het nie nodig gehad om aan die gebod om te sterf en op te staan, gehoorsaam te wees nie.

- Hy was self ewig God die Almagtige.
- Hy sou niks verloor het as Hy net daar opgestaan en teruggegaan het hemel toe nie.

*Sy gehoorsaamheid aan hierdie opdrag van sy Vader was ter wille van ons – want daarmee bewerk Hy redding vir ons wat bereid is om Hom as Verlosser te bely en wat aan sy bevel gehoorzaam is.*

Die uitstorting van die Heilige Gees was onder andere om ons te lei, sodat ons kan weet wat God van ons vra, en dat ons daaraan gehoorsaam kan wees. Dit geld ook die gesagsgebod.

Ten opsigte van gesag leer ons belydenis die volgende in die Heidelbergse Kategismus Sondag 39:

**Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?**

**Antwoord:** *Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp*

*(a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c).*

*(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21.*

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 89:6 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volg wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, woort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 21 Oktober 2007 (aand)